

Preek Eggo – Sondag, 6 Mei 2018

God hou sy Beloftes

Openbaring 14:1 en Johannes 10:28-29

Kan jy aan 'n paar van God se beloftes in die Bybel dink?

Dink weer aan die verhaal van die Boer in Hoopstad – Het God sy beloftes nagekom?

Lees saam Markus 9:33-35.

Vra die volgende vae na aanleiding van die gedeelte:

- Wie is regtig belangrik in die Koninkryk?
- Oor wie gaan God se koninkryk?
- Oor wie gaan God se Beloftes?

“Werklike bruikbare gelowiges vir God is hulle wat soos kindertjies op Hom vertrou en terselfdertyd die mense rondom hulle se nood raaksien.”

“Christene wat geleer het om hulle eie belange tweede te stel, is regtig vir God bruikbaar.”

Wat beteken die stelling: “Om jou kroon vir 'n oorpak te verruil.”

Lees saam Jakobus 5:16-18

Dink na oor die volgende vrae:

- Was Elia 'n mens soos ek en jy?
- Is daar so iets soos iemand met meer geloof en minder geloof.
- Kan ons risiko's neem vir God?

“Dit is egter nie maklik om jou troon te abdikeer nie. Om jou aardse Koninkryk te ruil vir God se Koninkryk vra geweldige baie. Dit vra jou hele lewe. Dit vra onder meer dat jy sal ophou om die kollig op jouself te laat va len dit eerder volledig na God toe sal verskuif, waar dit in elke geval hoort.”

Kan ons God toets? **Lees Maleagi 3:10**

“God wil hê dat ons Hom ook 'n slag of wat moet toets. Hy stel sy genade, liefde en krag tot ons beskikking sodat ons daaruit kan lewe, maar dan moet ons dit by Hom kom haal.”

Op twee maniere moet ons God se beloftes kom haal:

1. Ons moet met God praat...
2. Ons moet ons lewens in sy Hande plaas...

“As dit nodig is moet ons eerlik en op die man af met God in ons gebede praat. Hy kan dit vat.”